higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

ALGEMENE GASVRYHEID
NKR VLAK 4

(11011004)

20 November 2024 (X-vraestel)
09:00–12:00

Sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 12 bladsye.

312Q1N2420

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
ALGEMENE GASVRYHEID
NKR VLAK 4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 ’n Stel spyskaarte wat oor ’n tydperk roteer, is ’n ...

A buffetspyskaart.
B sikliese spyskaart.
C table d'hôte.
D à la carte-spyskaart.

1.1.2 Die geskikste teikenmark vir ’n kitskos-wegneemrestaurant is ’n ...

A tehuis vir bejaardes.
B spa-oord.
C eksklusiewe woongebied.
D studentedorpie

1.1.3 ’n Sjef met kennis van en vaardighede in die maak van patisserie sal goed vaar in die bereiding van voedselitems soos …

A vleis, vis en pluimvee.
B tertjies en koek.
C vrugte en groente.
D sop, souse en glasering.

1.1.4 ’n Maaltyd bestaande uit ’n broodrolletjie met ’n hoenderboudjie, skyfies en slaai sal die geskikste wees vir ’n ...

A konstruksiewerker.
B kassier.
C kantoorwerker.
D pensioenaris.

1.1.5 Gebruik ... wanneer skoonmaakpersoneel ingelig word oor die gevare wat in ’n openbare gebied aangetref word.

A regsvaktaal
B illustrasies en foto’s
C ’n formele benadering
D statistiek en grafieke

Kopiereg voorbehou

1.1.6 Die korrekte spesialis om te ontbied om ’n stukkende rioolpyp in ’n B&B te vervang, is ’n ...

A slotmaker.
B elektrisiën.
C konstruksiewerker.
D loodgieter.

1.1.7 Die grondslag wat ’n mens behoort te gebruik om ’n suksesvolle ontruimingsplan op te stel, is …

A huidige inspeksierekords.
B vorige inspeksierekords.
C ’n gebou-uitleg.
D die gebruik van veiligheidstekens.

1.1.8 Die veiligheidsteken hier onder dui ... aan.



[Bron: *google images.com*]

A die rigting na die trappe
B die rigting na die badkamers
C die rigting om die gebou te verlaat
D die rigting na die noodhulpkissie

1.1.9 ’n Voorbeeld van ’n korttermyndoelstelling:

A Om vir die volgende week se assessering voor te berei
B Om goeie punte vir hierdie termyn te kry
C Om studies binne twee jaar te voltooi.
D Om oor vyf jaar as ’n hotelbestuurder te werk.

1.1.10 Wanneer ’n ondergeskikte die geleentheid kry om ’n bepaalde probleem in die werksplek te bestudeer en te ontleed, is dit ’n voorbeeld van (’n) ...

A spesiale werkopdrag.
B opvolgopleiding.
C vervangingsopdrag.
D vaardigheidsopleiding.

1.1.11 Die beweging van ’n sjef van die patisseriestasie na die braaistasie in dieselfde kombuis om meer ervaring op te doen.

A Vaardigheidsontwikkeling-program
B Persoonlike berading
C Posrotasie
D Bestuursinternskap

Kopiereg voorbehou

1.1.12 Die prioritisering van doelstellings volgens die belangrikheid van hul waarde.

A SMART-beginsel
B ABC-metode
C SWOT-ontleding
D Persoonlike ontwikkeling

1.1.13 Die tipe mark wat buite die land se grense bestaan:

A Kleinhandelmark
B Internasionale mark
C Groothandelmark
D Nywerheidsmark

1.1.14 Die kritiekste gedeelte van ’n sakeplan:

A Uitvoerende opsomming
B Bemarkingstrategie
C Sakemodel
D Algemene maatskappybeskrywing

1.1.15 Hierdie gedeelte van ’n sakeplan beskryf die daaglikse aktiwiteite van ’n onderneming:

A Finansiële plan
B Bemarkingsplan
C Operasionele plan
D Appendiks

(15 × 1) (15)

1.2 Kies die geskikste spyskaart uit KOLOM B om by die vereistes in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	’n Spyskaart wat ’n voorsnytafel insluit	A	à la carte-spyskaart
		B	table d'hôte-spyskaart
1.2.2	’n Sjef se spesiale gereg van daardie dag	C	buffetspyskaart
1.2.3	’n Spyskaart wat aangebied word aan ’n paartjie wat hul herdenking by ’n gewilde seekosrestaurant vier	D	plat du joir-spyskaart
		E	mengeldrankiespyskaart
1.2.4	’n Plat bord met toebroodjies, samoesas en minipasteie	F	sikliese spyskaart
		G	selektiewe spyskaart
1.2.5	’n Driegangspyskaart wat aan 120 gaste voorgesit word		

(5 × 1) (5)

Kopiereg voorbehou

1.3 Kies die geskikste bestuurder uit KOLOM B om die werkverrigting van die werknemers in KOLOM A te evalueer. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.3.1	sous-sjef	A	Hoofbestuurder
1.3.2	ontvangsklerk	B	Voedsel-en drankbestuurder
1.3.3	pakkameropsigter	C	Hoofsjef
1.3.4	hoofkelner	D	Voorportaalbestuurder
1.3.5	finansiële bestuurder	E	Restaurantbestuurder
		F	Hoofhuishoudster
		G	Onderhoudsbestuurder

(5 × 1) (5)

1.4 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings deur slegs die term langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.4.1 Die tipe maatskappymodel wat uit 2–20 lede bestaan

1.4.2 ’n Individu wat ’n salaris van ’n maatskappy ontvang

1.4.3 Die proses waarvolgens finansiële inligting van ’n maatskappy ondersoek en geverifieer word

1.4.4 Die tipe bystand wat die staatsinstelling SEDA aan voornemende kleinsake-eienaars verskaf

1.4.5 ’n Tipe inligtingsbron wat behels om met vriende en familie oor ’n sake-idee te praat

1.4.6 ’n Tipe veiligheidsteken met ’n rooi buitelyn en ’n rooi dwarsbalk

1.4.7 ’n Veiligheidsaktiwiteit om die perseel op ’n ordelike manier te ontruim

1.4.8 Wanneer ’n persoon van buite die maatskappy toegang tot ’n beperkte gebied kry

1.4.9 ’n Gespesialiseerde groot lap wat gebruik word om vlamme te smoor

1.4.10 Basiese mediese hulp wat aan ’n beseerde persoon verleen word

(10 × 1) (10)

1.5 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.5.1–1.5.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.5.1 'n Beslote korporasie word toegelaat om 1–10 lede te hê.

1.5.2 'n Voedselwa wat pasteie verkoop, moet 'n handelslisensie besit om die produkte te verkoop.

1.5.3 Die direkteure van 'n maatskappy sluit hul persoonlike inkomstebelasting by die maatskappy se belasting in.

1.5.4 Die aanspreeklikheid van 'n alleeneienaar word tot 'n sekere bedrag beperk.

1.5.5 'n Vennootskap moet oor 'n vennootskapsooreenkoms vir die deel van winste beskik.

1.5.6 Daar word van 'n vennootskap vereis om jaarliks 'n rekeningkundige oorsig te laat doen.

1.5.7 Dit is onnodig om 'n bestuurder se werkverrigting te beoordeel.

1.5.8 'n Prestasiebeoordeling behoort jaarliks plaas te vind.

1.5.9 Dit is veilig om 'n skuimbrandblusser te gebruik op 'n vuur wat deur 'n lewendige elektriese draad veroorsaak word.

1.5.10 Veiligheidsplanne behoort ontleed te word slegs nadat dit opgestel is.

(10 × 1) (10)

1.6 Rangskik die stappe hier onder in die volgorde wat 'n gasvryheidstudent behoort te volg wanneer hy of sy 'n kleinsakeonderneming wil vestig.

1. Doen aansoek om befondsing; 2. Doen 'n kookkursus; 3. Stel 'n sakeplan op; 4. Registreer die onderneming; 5. Doen marknavorsing

Skryf slegs die nommers in die korrekte volgorde in jou antwoordboek neer. (5)

[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Timothy werk die afgelope twee jaar as ’n leerlingsjef. Hy is ’n vinnige werker en sy pligte sluit die bereiding en gaarmaak van voedsel in. Die hoofsjef wil hê dat Timothy die nuwe pakkamerbestuurder moet wees sodra die huidige bestuurder aftree, omdat hy groot potensiaal wys om bestanddele te bereken en te bestel.

Ongelukkig het Timothy geen bestuurservaring of rekenaarvaardighede nie. Hy het ook nog nooit vantevore ’n fisieke voorraadopname in die pakkamer gedoen nie. Hy het in die verlede ook gesukkel om gehaltetoetse op bestanddele uit te voer wanneer dit by die ontvangsarea aankom. Timothy sukkel met vervoer werk toe weens swak openbare vervoer en hy kan nie sy eie voertuig bekostig nie.

Gelukkig tree die huidige pakkamerbestuurder eers oor drie maande af, so hy wil probeer om die vaardighede waarmee hy agterstande het oor die periode van drie maande te verbeter.

2.1 Timothy moet ’n persoonlike evaluering doen om te bepaal of hy op hierdie stadium in sy lewe die werk van ’n pakkamerbestuurder kan verrig.

Voltooi ’n SWOT-ontleding deur gebruikmaking van inligting in die scenario hier bo, om hom met die evaluering te help. (4 × 2) (8)

2.2 Voltooiing van die SWOT-ontleding is slegs een van die stappe wat Timothy as deel van sy loopbaanontwikkelingsproses moet doen.

Wat sal die volgende stap behels? (3)

2.3 Stel ’n persoonlike ontwikkelingsplan (POP) vir Timothy op wat slegs op sy gebrek aan rekenaarvaardighede fokus. (7)

2.4 Die hoofsjef het ’n prestasiebeoordeling van Timothy in sy huidige posisie voltooi.

Formuleer VYF moontlike stellings wat die hoofsjef kan gebruik wanneer hy terugvoering oor sy huidige werkverrigting aan Timothy gee. (5)

Kopiereg voorbehou

2.5 Timothy het vir 'n tweejaar- deeltydse pakkamerbestuurskursus ingeskryf. Hy moet een dag per week klasse bywoon. Assesserings vir hierdie kursus vind aanlyn plaas, met onmiddellike, geoutomatiseerde resultate en terugvoering. Timothy moet doelwitte stel om hom te help om op koers te bly en die kursus te voltooi.

2.5.1 Gebruik die SMHRT- ('SMART') metode om Timothy te help om doelwitte te stel vir die voltooiing van die kursus waarvoor hy ingeskryf het. (5)

2.5.2 Beveel 'n ander metode aan wat hy kan gebruik om hom te help om sy take te prioritiseer en op koers te bly om sy doelwitte te bereik. (1)

2.5.3 Beskryf hoe die metode wat in VRAAG 2.5.2 aanbeveel is vir Timothy kan help om te prioritiseer en op koers te bly om die kursus te voltooi. (6)

2.6 Timothy oorweeg dit ook om 'n entrepreneur te word. Hy word meegedeel dat een van die dinge waaroor hy kennis moet dra die verskillende koste is wat met die bedryf van jou eie onderneming verband hou.

Beskryf DRIE van die tipes koste betrokke by die bedryf van 'n onderneming, en gee voorbeelde van elkeen. (6)

2.7 'n Kleinsake-eienaar moet baie struikelblokke oorkom om van die onderneming 'n sukses te maak.

Beskryf VIER van hierdie moontlike struikelblokke. (4)
[45]

VRAAG 3

3.1 Daar is baie instellings wat belangrike inligting aan entrepreneurs kan gee.

Hoe kan die inligting van die instellings hier onder 'n entrepreneur help?

3.1.1 Departement van Handel en Nywerheid (2)

3.1.2 Departement van Arbeid (2)

3.1.3 Suid-Afrikaanse Inkomstediens (1)

3.2 Dit is noodsaaklik om die korrekte inligting te kry om 'n onderneming te vestig.

Wat kan die gevolge wees indien Timothy sy eie kleinsakeonderneming vestig en eers later besef dat die inligting wat hy oor die vestiging van 'n onderneming ingesamel het, verkeerd was? (5)

Kopiereg voorbehou

3.3 Sisanda wil ’n onderneming vestig om kitskos te verkoop. Sy het nie baie kennis van die voedselbedryf nie, maar ’n vriend studeer Gasvryheid aan ’n TBOO-kollege.

3.3.1 Watter tipe sakemodel behoort Sisanda te gebruik wanneer sy haar onderneming registreer? (1)

3.3.2 Voer redes aan vir die keuse van die sakemodel in VRAAG 3.3.1. (1)

3.3.3 Beveel TWEE bronne aan, behalwe familie en vriende, wat Sisanda kan raadpleeg om advies oor haar sake-idee te kry. (2)

3.3.4 Verduidelik die tersaaklikheid van die TWEE bronne wat in VRAAG 3.3.3 aanbeveel word om Sisanda met haar sake-idee te help. (6)

3.4 Die volgende voedselitems word by die opening van Sisanda se nuwe onderneming bedien:

- Karamelkaaskoek bedek met ’n flambé-bessiekrummel
- Romerige mossels op challahbrood
- Beesvleiskerrie, koljanderroti en sambal

3.4.1 Nie almal kan die voedselitems wat hier bo gelys word, geniet nie. Voer redes aan waarom sommige items nie geskik is vir die groepe wat hier onder genoem word nie:

(a) Moslems (3)

(b) Hindoes (3)

(c) Jode (3)

(d) Diabete (3)

3.4.2 Watter TWEE voedselitems uit die bostaande lys behoort vermy te word deur kliënte wat aan gluten-intoleransie ly? (2)

3.5 Bring geringe veranderinge aan die voedselitems in VRAAG 3.4 aan om ’n table d'hôte-spyskaart te skep wat daardie kliënte akkommodeer wat aan gluten-intoleransie ly. (6)

Kopiereg voorbehou

3.6 Bereken die koste van die koljanderroti-resep hier onder. Skryf slegs die korrekte antwoord langs die vraagnommer (3.6.1–3.6.6) in die ANTWOORDBOEK neer.
Wys jou berekenings en rond dit tot TWEE desimale af.

Resepbestanddele	Kosprys	Berekende koste van items
200 g meel	R46,00 / 2,5 kg	(3.6.1)
50 mℓ melk	R19,90 1 ℓ	(3.6.2)
25 g bakpoeier	R24,50 / 500 g	(3.6.3)
20 g suiker	R22,50 / 1 kg	(3.6.4)
30 g koljander	R18,99 per 50 g	(3.6.5)
250 g botter	R79,00 / 500 g	(3.6.6)

(6 × 2) (12)

3.7 Die onderstaande resep moet aangepas word om 75 porsies by 'n dinee te bedien.

LAMSKERRIE (12 porsies)
2 kg lamsvleis, in blokkies gesny
300 g tamaties
25 g aftrekselpoeier
45 g garam masala
250 g uie
½ bossie vars koljander
80 mℓ suurroom

3.7.1 Gebruik die faktormetode om die FAKTOR vir 75 porsies te bereken. (1)

3.7.2 Bereken hoeveel lam vir 75 porsies benodig word. (1)

3.8 Veganisme is slegs een tipe vegetariese dieet.

Voltooi die onderstaande tabel deur die ander vegetariese diëte te noem en gee voorbeelde van diereproteïen wat by elk van hierdie diëte ingesluit word.

Vegetariese diëte	Voorbeelde van diereproteïen wat by die dieet ingesluit is

(4 × 2) (8)

3.9 Verpakking moet by die beplanning van 'n wegneemspyskaart oorweeg word.

Beskryf die eienskappe wat die houers vir wegneemspyskaart-items moet besit. (3)

[65]

VRAAG 4

4.1 Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae wat daarop volg.

CHEMIESE STORTING

Op die eerste werksdag van Mohamed Nazeer, die pas aangestelde skoonmaker, gee die huishoudingbestuurder aan hom opdrag om 'n gevaarhoudende chemikalie in die pakkamer te gaan haal waar skoonmaakchemikalieë gebêre word. Toe hy die bottel met chemikalie optel, val die doppie afl en stort chemikalie per abuis op sy arm, wat 'n chemiese brandwond veroorsaak. Noodhulp moet toegepas word. 'n Ondersoek vind plaas om die oorsaak van die ongeluk te bepaal.

4.1.1 Die chemiese brandwond op Mohamed se arm behoort dadelik behandel te word.

Wei uit oor hierdie stelling deur die waarom, hoe en deur wie te bespreek. (5)

4.1.2 Die ondersoek wat ná die ongeluk plaasgevind het, het bevind dat die huishoudingbestuurder gefouteer het.

Watter moontlike getuienis is opgespoor om dit te ondersteun? (6)

4.1.3 Die huishoudingbestuurder is daarna beveel om 'n opleidingskursus by te woon wat oor haar bestuursrol, gesondheid en veiligheid in die werksplek handel.

Bespreek sleutelpunte wat sy in die opleidingskursus oor haar rol asook gesondheid en veiligheid in die werksplek kan leer. (12)

4.2 Terwyl Nazeer van die brandwond herstel het, het die huishoudingbestuurder vir Nomalizo, een van Nazeer se kollegas, versoek om voorraadopname te doen in die pakkamer waar skoonmaakchemikalieë gehou word. Na afloop van die opname het sy gerapporteer dat daar verskille was tussen die voorraad voorhande en die voorraadverslag van die gerekenariseerde stelsel.

4.2.1 Gee VIER moontlike redes vir die verskille in voorraadsyfers wat Nomalizo gerapporteer het. (4 × 2) (8)

4.2.2 Stel korrektiewe stappe voor om te voorkom dat voorraad in die toekoms wegraak. (3)

4.2.3 Hoe kan dit die maatskappy en die kliënt beïnvloed indien voorraad gereeld wegraak? (6)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou